

'N REISDEKEN VIR WARM GERIEF

'n Sagte, warm deken is net wat jy nodig het – vir reis, piekniek hou of om jou te omvou terwyl jy jou verdiep in 'n lekkerlees-boek

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN



Só 'n bonkige reisdeken laat 'n mens se vingers jeuk om te hekel! Hy is van Pingouin Mist-dubbelbreigare met 'n 8 mm-hekelpen gemaak. Die vier gekose kleure is baie ryk en subtiel, maar jy kan 'n kleurkombinasie na jou smaak kies. Die deken, wat sowat 150 x 200 cm groot is, bestaan uit 48 vierkante van 25 cm elk.

patroon verwerk deur SJOUKJE JORDAAN
foto PINGOUIN

'n Reisdeken vir warm gerief

REISDEKEN

Patroon en ontwerp deur
PINGOUIN-ontwerpateljee

BENODIGDHEDE

Pingouin Mist DK (50-g-bolle); 11
bolle ligpers (kleur-nr. 104, A), 11

bolle grys (47, B), 13 bolle wynrooi
(57, C), en 13 bolle blougroen (97, D);
hekelpen van 8 mm.

Let wel: tensy aanbevole gare ge-
bruik word kan Pingouin geen ver-
antwoordelikheid vir die voltooide
werk aanvaar nie.

MATE

Elke vierkant meet ongeveer 25 x
25 cm, die voltooide deken ongeveer
150 x 200 cm.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; gs – glipsteek; st(e)
– steek (steke); vlg – volgende; grh –
gare rondom hekelpen; herh – her-
haal.

ALGEMENE AANWYSINGS

Die gare word deurgaans dubbel ge-
bruik.

Die deken word saamgestel uit 48
identiese vierkante, elkeen 25 x
25 cm; daar is 11 ligpers, 11 grys, 13
wynrooi en 13 blougroen vierkante
altesaam.

VIERKANT

Begin met 33 ks plus 3 draai-ks.

1e ry: grh, steek pen in 4e ks vanaf
pen, trek 'n lus op, grh, steek pen in
dieselfde st, trek nog 'n lus op; *grh,
slaan 2 ste oor, steek pen in vlg ks,
trek lus op, steek pen in dieselfde st,
trek nog 'n lus op, grh, trek gare deur
die 9 lusse op pen, 2ks; dan: grh, steek
pen in dieselfde st soos tevore, trek
lus op, grh, steek pen in dieselfde st,
trek nog 'n lus op*; herh van * tot * tot
einde van ry, eindig met 3 draai-ks.

2e en elke vlg ry: soos 1e ry; steek
hekelpen die eerste 2 keer in middel
van laaste groep van vorige ry, daar-
na die vlg 2 keer in middel van daar-
opvolg groep. Hekel 14 sulke rye en
werk af.

AFWERKING

Werk die vierkante met fyn steke aan
mekaar vas, sorg dat almal op dieself-
de manier geplaas word, in kleurvolg-
orde soos aangedui op diagram.

DIAGRAM

A	C	D	A	B	D
D	B	C	A	D	C
B	D	C	B	A	C
A	C	B	D	C	B
D	A	D	C	B	D
C	B	C	A	D	C
A	D	A	B	C	A
D	C	B	D	A	B